Jesus Christus, die wêreldheerser

‘En ek het gesien, en kyk, in die middel … staan daar ’n Lam asof Hy geslag is … Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.” (Openbaring 5: 6a, 7)

Die apostel kyk visioenêr in die hemel (Openbaring 4:1). Naby God se troonsetel staan die Lam asof Hy geslag is. Die Lam is die vervulde paaslam, Jesus Christus. Hy dra in sy verhoging nog die littekens van die slagting in sy vernedering. Johannes sien sy deurboorde hande en voete en die teken van die spieswond in sy sy (vergelyk Johannes 20:27).

Die littekens wys op Christus se kruisdood. Op Golgota het Hy met sy bloed, sy lewe, alle uitverkorenes uit elke stam en taal en volk en nasie gekoop (Openbaring 5:9). Uit die magte van die sonde en dood vrygekoop, het hulle sy eiendom geword.

Dit is ons troos in lewe en in sterwe (Heidelbergse Kategismus, antwoord 1). Die littekens van die verhoogde Heiland verkondig tot in die hemel en op die nuwe aarde: Die prys wat vir julle betaal is, is duur (1 Korinthiërs 6:20), sy helse smart vir julle ewige lewe. Die evangelie van redding deur sy bloed, uit genade alleen, weerklink tot in ewigheid.

Deur sy offer aan die kruis, het die Here Jesus egter nie alleen redding vir die gelowiges verwerf nie, maar ook wêreldheerskappy verkry.

Johannes, die balling op Patmos, sien God, sittend op sy verhewe troon. In sy regterhand lê ’n verseëlde boekrol. Hierdie rol bevat sy besluite oor die verloop van die eindtyd, die geskiedenis vanaf die hemelvaart tot die koms van die Here Jesus met die wolke.

Wat Johannes verder sien, ontstel hom. Daar is geen skepsel wat in staat is om die seëls van die rol te verbreek nie. Geen engel, geen mens, geen duiwel kan die inhoud van die boekrol lees en verwerklik nie. Wat nou? Kom die wysers op die horlosie van die eindtyd tot stilstand?

Een van die hemelinge kom die diep bedroefde apostel vertroos. Hy wys op die Lam wat staan asof Hy geslag is. Hy, Hy alleen is waardig om die boekrol uit God se regterhand te neem. Aan Hom is - op grond van sy lyde en sterwe - na sy opstanding alle mag, alle bevoegdheid, in die hemel en op die aarde gegee (Matthéüs 28:18). Die Lam verbreek die sewe seëls, die een na die ander. So word die inhoud van die boekrol bekend. En, wat meer is, die verbreking van elke seël gaan gepaard met sy magtige dade (Openbaring 6-8). Hy doen wat op die rol geskryf staan.

Deur sy dood het Hy die wêreldheerskappy verkry. Ons Verlosser is die Magtige in die laaste tydperk van die geskiedenis. Die historie is sedert sy hemelvaart christelike geskiedenis.

Dit beteken nie dat die geskiedenis ’n historie van christene is nie. Koring én onkruid moet immers saam groei tot die oes toe (Matthéüs 13:30).

Christelike geskiedenis beteken ewemin dat die laaste eeue volgens christelike beginsels verloop. Die gees van die Antichris is ook daar en sal voortdurend werksaam wees (1 Johannes 4:3).

Christelike geskiedenis hou in: Alles wat geskied, gebeur onder Christus se leiding. Hy is die Uitvoerder van al God se besluite wat op die boekrol van die historie opgeteken staan.

Dit is ordelike besluite. Ook die uitvoering daarvan geskied ordelik. Daar sit ’n Goddelike sisteem in die geskiedenis van die skepping en herskepping. Noudat Christus alle dinge regeer - wat kan vlees, antigoddelike magte, ons nog doen? (Psalm 56:5).

Die mededeling dat die boekrol van binne en van buite (Openbaring 5:1), op die voor- en agterkant beskryf is, dui op die omvangryke program wat die Here Jesus voor sy koms afwerk. Die mensheid word tot uiterstes gedryf, sowel sy aanhangers as sy teenstanders.

Die beker van ongeregtigheid moet tot die rand toe vol word sodat die Here die laaste oordeel in volkome regverdigheid kan vel (vergelyk Génesis 15:16). Wie onreg doen, moet nog meer onreg doen; wie vuil is, moet nog vuiler word.

Die gelowige, die regverdige, moet daarenteen nog regverdiger en die heilige nog heiliger word (Openbaring 22:11). Namate die Here Jesus die geskiedenis verder lei, bring Hy die antitese tussen geloof en ongeloof steeds sterker na vore, in die openbaar. Hy stuur die drama van die wêreldgeskiedenis na die klimaks.

Die Wêreldheerser regeer nie na willekeur nie. Hy eis gehoorsaamheid aan sy geopenbaarde bevele en verbind sy seën daaraan. Elke owerheid is geroepe om hom aan die verhoogde Christus te onderwerp. Hy is die Hoof van elke owerheid en mag (Kolossense 2:10), die Koning van die konings, die Here van die here (Openbaring 19:16). Maghebbers wat Hom nie eerbiedig nie, kry te hore: Gou kan sy toorn ontvlam (Psalm 2:12).

Die Wêreldheerser is veral ook die Hoof van die liggaam, sy gemeente (Kolossense 1:18). Gelowige onderwerping aan Hom bring ’n lewenswandel mee wat Hy in twee agtereenvolgende gelykenisse aan ons voorhou: Stille verwagting, soos maagde op die koms van die Bruidegom (Matthéüs 25:1-13) en tegelyk: Woeker met elke talent wat julle van Hom ontvang het (Matthéüs 25:14-30).

Die Heilige Gees werk hierdie verlange en daadkrag in die harte en lewens van God se kinders. Hy maak ons bereidwillig om die Wêreldheerser, die Priesterkoning van Psalm 110, wat ons gekoop het, van harte en in die hele lewe te dien. Die Gees dring ons deur die Woord tot die belydenis in woord en daad:

‘U volk, gereed tot dapper krygsmansdade

sal met u uittrek op die dag van stryd.

Hul sal verskyn in heil’ge feesgewade,

in diensplig een en al gewilligheid.’

JG Meijer

© 2016
www.christelikemedia.org